Verwysing: 20170503-431
12/2/8/13/31
Navrae: W Mercuur

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0014/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO-vakadviseurs vir Geskiedenis en Toerisme en Prinsipale van gewone openbare sekondêre skole

Onderwerp: Uitnodiging om aan die 2017 Erfeniskompetisie deel te neem

1. Die Nasionale Erfenisraad (NER) van Suid-Afrika het besluit om, as deel van sy verantwoordelikheid, by te dra tot die opvoeding van die nasie oor ons erfenis. Een van die projekte wat poog om jong leerders in skole te betrek, is die Skole-uitreikprogram vir Erfenisopvoeding (HESOP).

2. Die program vorm deel van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) se voortgesette inisiatief om alle leerders aan te moedig om beter begrip vir Suid-Afrika se kultuurerfenis en diversiteit te bekom. Dit bied ook aan leerders die geleentheid om belangrike navorsingsvaardighede te ontwikkel.

3. Hierdie kompetisie sal deel vorm van die DBO se bydrae om die onderrig en leer van Geskiedenis en Toerisme in skole te versterk.

4. **KOMPETISIE VIR LEERDERS**

Daar sal van leerders verwag word om DRIE aktiwiteite te voltooi:

- **Aktiwiteit 1** (OR Tambo-eeufeesvierings)
  Tydens die amptelike bekendstelling van die Oliver en Adelaide Tambo-stigting het president Jacob Zuma gesê: "The values of unity, selflessness, sacrifice, collective leadership, humility, honesty, discipline, hard work, internal debates, constructive criticism and self-criticism, and mutual respect, are some of the values that encapsulate what Oliver Tambo stood for."

  Van leerders word verwag om hul waarnemings – oor of Suid-Afrikaners, veral staatsamptenare en politici, Oliver Tambo se waardes navolg – uit te lig.

Verduidelik wat gedoen moet word om aan die kwessies van sosio-ekonomiese opheffing en verbetering, opvoeding, die bemagtiging van vroue en die bevordering van kuns-, kultuur- en erfenisinisiatiewe aandag te skenk.

- **Aktiwiteit 2**
  Volgens die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999), en die Wet op Nasionale Erfenisraad, 1999 (Wet 11 van 1999), beteken lewende erfenis die ontasbare aspekte van geërfde kultuur en kan onder andere die volgende insluit: kulturele tradisie, optrede, mondelinge geskiedenis, rituele, gewilde herinneringe, inheemse kennis, vaardighede en tegnieke en laastens, die holistiese benadering tot die natuur/omgewing, samelewing en sosiale verhoudings.

  Van leerders word verwag om hierdie vorms van ontasbare kultuurerfenis/lewende erfenis wat bedreig word of kwesbaar is, te identifiseer. Stel maniere voor waarop dit, tot voordeel van die huidige en toekomstige geslagte, bewaar en bevorder kan word. Van hulle word verwag om 'n beskrywing te gee van die erfenisvorms wat bedreig word, die belangrikheid daarvan asook die bedreigings en moontlike intervensies. Leerders kan ook die belangrikheid van lewende erfenis beklemtoon om sosiale kohesie, nasiebou en nasionale identiteit te vorm.

- **Aktiwiteit 3**
  Die jaar 2017, dui op die 100-jarige herdenking van die sinking van die Britse troepedraer, die SS Mendi, waartydens meer as 600 Suid-Afrikaners hul lewens verloor het. Dit dui ook op die 40-jarige herdenking van die wrede dood van Stephen (Steve) Bantu Biko, die leier van die Black Consciousness Movement onder die apartheidsregering. As deel van die herdenking en herinnering van die gebeure, is grafte, begraafplase, oorlogsherdenktekens en monumente gebou wat nou deel vorm van die hedendaagse landskap en as tasbare en simboliese herinneringe van ons onstuimige geskiedenis dien.

  Van leerders word verwag om hierdie vorms van tasbare kultuurerfenis in hul gemeenskappe te identifiseer en die betekenis en relevansie van hierdie terreine in die nuwe Suid-Afrika te bespreek. Leerders moet voorstelle aan die hand doen om kulturele erfenis te bewaar en tot voordeel van huidige en toekomstige geslag te bevorder.

5. **KRITERIA**

Die volgende keuringskriteria moet nagekom word wanneer deelnemers geïdentifiseer word:

5.1 Alle hoërskoolleerders (verkieslik diegene wat vakke in sosiale wetenskappe neem) wat in graad 8 tot 11 is, word toegelaat om deel te neem.

5.2 Spanne moet uit vier leerders bestaan (skole word aangeraai om geslagsensitief te wees).

5.3 Al geskrewe werk en aanbiedings moet in **Engels** voltooi word.

5.3.1 Alle prente, onderhoudskedules, onderhoudtranskripsies en -opnames, etiese evaluering, ens. moet in die **portefeulje van bewyse** wees en die volgende insluit:
a) 'n indeks;
b) 'n inhoudsopgawe; en
c) 'n bibliografie.

5.3.2 Die **navorsingsverslag** moet die volgende insluit:
a) 'n opsomming
b) sentrale argument(e) of die kerngedeelte
c) aanbevelings
d) 'n gevolgtrekking; en
e) 'n bibliografie of 'n lys verwysings
Die navorsingsvoorstel, insluitende illustrasies en bibliografie, moet 10 tot 12 bladsye lank wees. Die dokument moet in 12-lettergrootte en Arial-lettertipe met 1.5-lynspasiëring getik word.

5.3.3 Die **mondelinge aanbieding** sal 'n maksimum van 20 minute in beslag neem, met vyf minute vraetyd wat deur 'n paneel beoordelaars gebruik sal word. Daarbenewens, sal leerders tydens die kamp 'n opdrag ontvang. Die besonderhede van hoe hierdie vierde opdrag uitgevoer en aangebied moet word, sal later tydens die kamp in Oktober bekend gemaak word.

6. **ASSESSERINGSKRITERIA VIR AANBIEDING**

Die assesseringskriteria wat gebruik sal word om aanbiedings op provinsiale sowel as nasionale vlak te beoordeel, is in **Bylae A** vervat.

7. **PROVINSIALE BEOORDELINGSPROSES**

7.1 Skole wat graag aan hierdie kompetisie wil deelneem, moet die aangehegte vorm (**Bylae B**) voltooi en dit teen **Maandag, 31 Julie 2017** aan die distriksamptenare (vakadviseurs vir Geskiedenis of Toerisme) terugstuur.

7.2 Onderwysers moet leerders identifiseer en vir die uitdunrondes binne die distrikte sowel as die provinsiale geleentheid voorberei. Verseker asseblief dat leerders wat ingeskryf het, vir die provinsiale geleentheid teenwoordig en gereed is en dat die nodige vervoer na en van die geleenthede gereël is.

7.3 Leerders moet hul navorsing, databasisse en aanbiedings voltooi; voorbereid wees om enige vrae oor hul projekte en navorsing te beantwoord; en in staat wees om hul persoonlike ervarings van die navorsingsprojek te deel en te reflekteer.

7.4 Die **provinsiale kompetisie** sal op **Saterdag, 02 September 2017** plaasvind. Een skoolspan sal gekies word om die Wes-Kaap by die nasionale eindronde te verteenwoordig. Die vakadviseurs vir Geskiedenis en Toerisme sal die kompetiesieplek met alle deelnemende skole bevestig. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement se Hoofkantoor sal vir die dekking van alle reiskoste na en van die provinsiale kompetisie verantwoordelik wees.

7.5 Die NER sal verantwoordelik wees vir reis- en verblyfonkoste van deelnemende leerders en onderwysers tydens die nasionale kompetisie wat vanaf **Maandag, 02 Oktober 2017 tot Vrydag, 06 Oktober 2017**, sal plaasvind.

7.6 Vir verdere inligting, kontak asseblief vir Bridget Tobin by tel. 021 467 2590 of e-posadres Bridget.Tobin@westerncape.gov.za of Rodney Johnson by tel. 021 467 2173 of e-pos Rodney.Johnson@westerncape.gov.za.

8. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die skoolbestuurspan en die betrokke onderwysers te bring.

GETEKEND: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-05-10